# DIE VOORTBESTAAN VAN DIE BLANKE RAS.

## REDE

BY DIE AANVAARDING VAN DIE PROFESSORAAT IN EKONOMIESE GESKIEDENIS EN TEORIE AAN DIE UNIVERSITEIT VAN PRETORIA, GEHOU 15 AUGUSTUS, 1937.

DEUR

S. P. VILJOEN, Ph.D. (London)

PRETORIA
1937.

Wallachs', Pta.

TUK 304.62
VILJOEN

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

# DIE VOORTBESTAAN VAN DIE BLANKE RAS.

*2295921*

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

PUBLIKASIES VAN DIE UNIVERSITEIT VAN PRETORIA.

*Reeks IV. : Intreeredes, No 7.*

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

# DIE VOORTBESTAAN VAN DIE BLANKE RAS.

## REDE

BY DIE AANVAARDING VAN DIE PROFESSORAAT
IN EKONOMIESE GESKIEDENIS EN TEORIE
AAN DIE UNIVERSITEIT VAN PRETORIA,
GEHOU 15 AUGUSTUS, 1937.

DEUR

S. P. VILJOEN, Ph.D. (London)

PRETORIA
1937.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Die moderne wetenskap het nie alleen handel en nywerheid nie, maar ons hele sosiale lewe, en veral die voortplanting van die mens, in wese verander. Vir die eerste keer in die geskiedenis van die Westerse wêreld is dit moontlik om die omvang van die familie te beperk deur middele wat geen selfopoffering vereis nie. Soos in die geval van elke wilshandeling kan die gevolge voordelig sowel as nadelig vir die welvaart van die mensdom wees.

In die tweede helfte van die neëntiende eeu het die gevolge van geboortebeperking vir die eerste keer in Noordwes-Europa waarneembaar geword. In 'n wêreld gekwel deur die vrees vir oorbevolking word die nuwe verskynsel verwelkom, en moet selfs gedeeltelik aan die stelselmatige propaganda vir geboortebeperking toegeskryf word. Die neëntiende eeu was 'n tydperk van groot Europese, veral Germaanse, uitbreiding. Beweer word dat in die agtiende eeu die bevolking van Europa maar half so snel soos dié van Asië vermeerder het. In die neëntiende eeu, daarenteen, het die blanke bevolking van die wêreld tenminste dubbel so snel vermeerder as die Asiatiese. Die bevolking van Duitsland het verdriedubbel, die Engelssprekendes se getal met ag vermenigvuldig in die loop van die eeu. Europeane bevolk die groot ope streke in die nuwe lande, van die Siberiese tot die Amerikaanse kuste van die Stille Oseaan.

Hierdie snelle vermeerdering van die Europese bevolking was die gevolg van 'n daling in die sterftesyfer. Die geboortesyfer bly stabiel tot die derde kwart van die neëntiende eeu, dan begin die langsame maar onafgebroke agteruitgang. Tot die uitbreek van die Wêreldoorlog is die val in die sterftesyfer egter snel genoeg om die daling in vrugbaarheid te vergoed, met die gevolg dat die natuurlike aanwas van die Europese bevolking meer of min konstant bly. Na die Oorlog gaan die geboortesyfer berg-af, terwyl die sterftesyfer ophou met daal en selfs 'n neiging vertoon om te styg. Die gevolg is dat die natuurlike



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

aanwas van die bevolking in die westelike wêreld vandag minder as die helfte, in Groot-Brittanje nog maar 'n kwart is van wat dit voor die Oorlog was.

Maar selfs hierdie snel daling in die groei van die bevolking van die Westerse wêreld gee 'n oordrewe indruk van sy vrugbaarheid. Voor die Oorlog het die persentasie van vroue van reproduktiewe ouderdom in hierdie gebiede min verander. Die geboortesyfer was dus 'n goeie maatstaf van die vrugbaarheid van 'n volk.

Deur die snel daling in die geboortesyfers na die Oorlog het die proporsie van die bevolking van middeljarige leeftyd, in verhouding tot kinders en bejaardes, egter snel gestyg. Maar dis die gedeelte van die bevolking tussen die leeftyd van vyftien en vyftig wat verantwoordelik is vir die geboortesyfer, terwyl die pasgebore kind en die oue van dae veral blootgestel is aan die dood. Die geboortesyfer in die Westerse wêreld is dus vandag in verhouding tydelik oordrewe hoog, die sterftesyfer oordrewe laag. As die invloed van die leeftydsopbou uitgeskakel word, is die voortplantingsyfer van die westerse volke vandag onvoldoende om 'n stabiele bevolking in die toekoms te behou.

Kuczynski het 'n eenvoudige metode uitgewerk om die netto reproduksiesyfer van 'n bevolking te bereken. Alleen meisies kom by sy berekening in aanmerking. Deur jaarlikse vrugbaarheidsyfers van vroue in elke leeftydsjaar op te tel, kry ons die totale voortplantingsyfer van die bevolking. Dit gee die gemiddelde aantal dogters per vrou wat die volle reproduksieperiode deurleef. Deur die jaarlikse vrugbaarheidsyfer te beswaar met die proporsie van vroulike oorlewendes, soos aangedui in die lewenstabelle van 'n land, kry ons die netto-reproduksiesyfer van die land. Hierdie syfer gee ons dus die gemiddelde aantal dogters wat, onderhewig aan die sterfte- en vrugbaarheidsyfers wat dan heers, aan 'n pasgebore meisie gebore sal word. 'n Bevolking met 'n netto reproduksiesyfer van een sal mettertyd stabiel word, met 'n syfer van meer as een sal die bevolking ewentueel vermeerder, met minder as een sal dit eindelik uitsterf.

In die Statistiese Jaarboek van die Volkebond word die demografiese syfers van die verskillende volke van die wêreld jaarliks verwerk volgens die Kuczynskimetode. Uit die syfers



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

blyk die verontrustende feit dat daar vandag in die Westerse wêreld, verteenwoordig deur Noordwes- en Sentraal-Europa, die Verenigde State, en die Britse Vrygeweste, alleen drie betreklik klein volke hulself reproduseer. Dit is die bevolkinge van Holland, Kanada en Suid-Afrika. In 1935 het die Nederlande 'n netto reproduksiesyfer van slegs 1.102 gehad. In Suid-Afrika daal die vrugbaarheid van Europeane snel. Die netto voortplantingsyfer was 1.45 in 1926 en slegs 1.22 in 1933. Nog 'n paar jaar en ons bereik ook die stadium waar ons ons nie meer reproduseer nie. Kanada, sonder Quebec, het ongeveer dieselfde syfer as Suid-Afrika. Die Britse volk, daarenteen, met 'n netto reproduksiesyfer van .75, sal, sodra 'n stabiele ouderdomskomposisie bereik word en tensy die heersende vrugbaarheid- en sterftesyfers verander ,verminder van 45 miljoen tot 6 miljoen mense in die loop van twee eeue.

Bioloë is geneig om die daling in vrugbaarheid onder die Westerse volke toe te skryf, óf aan genetiese degenerasie, óf aan die subtieler invloede van bevolkingsdigtheid op voortplantingsvermoë. Volgens hulle bepaal dieselfde wette die groei van alle bevolkinge van selle of versameling van selle, en die ontwikkeling is 'n outomatiese selfregulerende proses. Bevolkinge deurloop almal in hulle groei die uitgestrekte S kromme, wat Verhulst die Logistiese Kromme genoem het.

Daar is egter geen bewys van genetiese dekadensie in die Westelike wêreld wat ernstig die geboortesyfer sou kon beïnvloed nie. Die groei van bevolkinge van laer organismes en dié van moderne westerse gemeenskappe vertoon 'n bloot oppervlakkige ooreenkoms met mekaar. By laer wesens word dit hoofsaaklik bepaal deur die hoeveelheid voedsel beskikbaar. Die vooruitgang van 'n Westerse gemeenskap vandag, inteendeel, is geheel en al onafhanklik van sy ekologiese bronne van bestaan. Vandaar ook die ontoepaslikheid vandag van Malthus se beroemde wette. Landboudeskundiges beweer selfs dat die mensdom vir nog 'n eeu kan vermeerder teen drie persent jaarliks sonder enige merkbare druk op die middele van bestaan.

Die werklike uitleg van die daling in vrugbaarheid by die Westerse volke moet gesoek word in middele van geboortebeperking wat geen selfopoffering meebring vir die gebruiker nie. Vroeër is die omvang van die familie deur die natuur alleen



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

bepaal, of deur middele wat, óf lyding, óf spanning veroorsaak het. Daar was dus altoos teenstand teen die gebruik van sulke middele en dus geen gevaar dat die grootte van die familie sou daal onder die syfer wat nodig was vir die voortplanting van die volk nie. Daar was inteendeel die gevaar dat die teenstand teen geboortebeperking te sterk sou wees, en die toename van die bevolking te snel.

Dié teenstand het nou verdwyn. As die ouer vir die mees ligsinnige of selfsugtige redes geen kinders wil hê nie, dan word daar eenvoudig geen kinders gebore nie. Daar is dus geen waarborg dat genoeg kinders gebore sal word om die ondergang van die volk te verhoed nie. Dit beteken nog geensins dat al die kinders vandag in die Westerse wêreld gebore gewens is nie. In sover soos dit meer en meer die geval word sal die toestand in die toekoms nog vererger.

Solank as die ouerlike instink bestaan, sal mans en vroue natuurlik wens om kinders te hê. Maar die bevrediging van die instink bring nie noodwendig mee dat die fisiologies hoogs moontlike aantal kinders gebore sal word nie. Veel eerder het die westerse wêreld ondervind dat die sentiment selfs nie sterk genoeg is om die bestaande bevolking in stand te hou nie.

In die neentiende eeu het die ouers, en veral die moeders, hulle onderwerp aan die groot familie as 'n deel van die menslike lot. Vandag hang die omvang van die gesin af van die menslike wil. Vandaar die klein gesin. Dit kom nie alleen ooreen met die wens van die ouers nie maar met die hele moderne lewenswyse. Meer geleenthede om die lewe te geniet, gaan saam met 'n nog groter drang na plesier. Hoe meer waarde dat die teenwoordige geslag egter aan sy eie lewe heg, hoe minder is hy gewillig om as blote middel te dien om die toekomstige te voorskyn te bring. Kinders is 'n las vir diegene wat gebruik wil maak van die gegewe geriewe om hulself ten volle uit te leef, of hulle ideaal nou-al 'n bloot sensuele of selfs 'n intellektuele is. Daarby kom die omstandigheid dat die hele moderne adverterende, konkurrerende, kapitalistiese stelsel ingerig is om die behoeftes van die bemiddelde, onbelaste individu te voorsien. Die gerief en voordele van motors, radio's, bioskope, reisgeriewe of die modernste „model flats" strek veral tot voordeel van die vrygesel en die kinderlose gesin, terwyl dit 'n onbereikbare ideaal bly vir die groot familie wat 'n baie groter werklike voordeel daaruit kon trek.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Geboortebeperking het begin onder die ryker en verligter stande. Differensiële vrugbaarheid is onder die westerse volke 'n nuwe en waarskynlik 'n tydelike verskynsel. Daar is hier, of was nog kortgelede, 'n sterk onderskeid in die vrugbaarheid van die verskillende sosiale stande. Vrugbaarheid is gewoonlik sterk negatief gekorreleer met besit, kultuur, en veral met die sogenaamde emansipasie van die vrou. Met die ontwikkeling van kultuur in die twintigste eeu versprei geboortebeperking van die hoër stande na die proletariaat. Die onverantwoordelike reproduksie wat aan hierdie stand sy naam gegee het, en wat veral bygedra het om dit in 'n toestand van minderwaardigheid te hou, maak vandag plek vir families wat meer in ooreenstemming is met hulle middels van bestaan. In 'n aantal Noord-Europese stede het die arm stande reeds minder kinders as die ryke — 'n aanduiding van die toestand in die toekoms.

Die hoër geboortesyfer op die platteland in vergelyking met dié van die stede is 'n algemeen Westerse verskynsel. Die enigste uitsondering op hierdie reël is Groot-Brittanje, waar die landelike bevolking egter grotendeels in 'n stedelike omgewing woon. Hierdie differensiasie skyn ook betreklik modern te wees, en onder sekere omstandighede kan dit selfs 'n tydelike verskynsel wees. In die Ooste is dit onbekend. In die Westerse wêreld kan die onderskeid selfs by totale geboortesyfers opgemerk word. Maar selfs hierdie lae vrugbaarheidsyfer in die stad maak nog 'n gunstiger indruk as wat die toestand werklik is, omdat die vlottende bevolking 'n buitengewoon gunstige leeftydsopbou in die stad, 'n ongunstige op die platteland, tot gevolg het. Demografies is die stad, en veral die grootstad, parasities op die platteland. Die stede, en veral die grootste, groei snel ten koste van die platteland, en dis 'n tendens wat in die toekoms nog gaan aanhou.

Nog 'n vorm van differensiële vrugbaarheid wat swanger gaan aan moontlike kulturele gevolge vir die Europese beskawing, is dié tussen verskillende godsdienstige sektes, en veral tussen Katolieke, Protestante en Jode. Hulle vrugbaarheid verminder in die genoemde orde. Die Jode in die Weste is, as 'n groep, aan die uitsterwe. Die onderskeid in vrugbaarheid is toe te skryf nie alleen aan die „kulturele minderwaardigheid" van die Katoliek nie—'n agterlikheid wat ook snel aan die verdwyn is — maar aan die houding van die Katolieke tot geboortebe-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

perking. Dus in vrydinkende Frankryk word groot families kortweg as „katolieke families" bestempel. Onvrugbaarheid word gekorreleer met die afwesigheid van sterk godsdienstige gevoelens, eerder as met die teenwoordigheid van enige een sekte. Dit bewys die onderskeid in vrugbaarheid tussen die Ortodoks-Oosterse Jood en sy geënmansipeerde Westerse broer, tussen die vrydinkende Fransman en die vroom Kanadees. Die ongeloof het begin en het veral versprei onder die Protestantse massas in die groot stede. Die verskynsel toon ook die rigting, so nie noodwendig die bron nie, waarin die oplossing gesoek moet word.

'n Vorm van differensiële vrugbaarheid wat nog drastieser gevolge vir die Europeaan kan hê, is dié tussen verskillende rasse. Die daling in die geboortesyfer is 'n Europese verskynsel. Daar is nog geen teken daarvan te vind onder Oosterse volke nie. Op die oomblik is die reproduksiesyfer die laagste onder die Germaanse volke. Dit begin Rusland beïnvloed, en dit word beweer dat selfs in Japan daar tekens is van die oorgang tot die beperkte gesin. Dit is egter twyfelagtig of algemene geboortebeperking in Japan byval sal vind. Van die vrou word daar nie verwag om enige belang buite haar huis en haar kinders te hê nie, en die agting wat die gemeenskap aan haar toon, word bewys nie aan haar as 'n vrou nie, maar met betrekking tot haar funksies as 'n eggenote en 'n moeder. Die verskynsel van differensiële vrugbaarheid is hier ook tot nog toe onbekend.

Die laaste vorm van differensiële vrugbaarheid is van besondere belang vir Suid-Afrika, waar die verhouding van Naturel tot Europeaan langsaam styg, en die behoud van die blanke beskawing wesenlik dieselfde is as die behoud van die Europese bevolking. Die poginge wat in verskillende Europese lande aangewend word om die daling in die geboortesyfer te bestry, is dus van spesiale belang vir die land. Die poginge kan in twee groot groepe verdeel word.

In die eerste groep val die verwydering van die nadele verbonde aan die groot gesin. Die nadele is grotendeels van 'n ekonomiese en sosiale aard, en begin reeds by die geboorte van die kind. Die voorstel dat 'n bevoegde verloskundige en 'n goed ingerigte kraaminrigting vry tot die beskikking van die verwagtende moeder sal geplaas word, kan vandag deur geen



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

verstandige persoon meer beskou word as 'n ondermyning van die verantwoordelikheidsgevoel van die ouer nie, of eenvoudig ignoreer word met die flegmatiese houding dat bevalling 'n natuurlike verskynsel is wat sy natuurlike loop behoort te gaan nie. Dis inteendeel 'n sosiale plig dat die beste mediese kennis en die aangenaam moontlikste omgewing vry-tot die beskikking sal staan van elke moeder wat gereed is om haar hoogste sosiale plig te vervul.

Nog belangriker is die omstandigheid dat die kinderryke familie 'n ekonomiese las is. Lone word betaal, nie vir die aanvaarding van familieverpligtinge nie, maar vir die bekleding van 'n betrekking. Boonop is dit nog meestal die bemiddelde gesin wat die onvrugbaarste is en dis juis hierdie deel van die bevolking wat, sonder verpligtinge, in ons kapitalistiese stelsel die meeste geld het om uit te gee, en vir die bevrediging van wie se behoeftes die hele stelsel ingerig is. As 'n volk die wil het om te leef dan is dit die plig van die Staat om die ouers van kinderryke families ten minste gedeeltelik te vergoed vir die ekonomiese nadele daaraan verbonde. As die bemiddelde gesin weier om hulself te reproduseer, dan moet die besit van inkome gedeeltelik afhanklik gemaak word van die omvang van die gesin. Die agtiende-eeuse idee van sosiale regte sonder verpligtinge is so naief dat dit werklik nie veel sê vir die menslike vernuf dat ons ekonomiese denkbeelde nog altyd daarop baseer is nie.

Pogings word vandag in verskillende Europese lande aangewend om die nadele te vergoed wat aan 'n groot familie verbonde is. Die bevolkingsbeleid is daarop aangelê om die selibaat en kinderloosheid teen te gaan en om groot gesinne aan te moedig. Voorbeelde van die eerste is die belasting van vrygeselle, die hoër belasting op vrygeselle en kinderlose gesinne, en die verskaffing van leningsgeriewe aan jong getroudes. As voorbeelde van die tweede is familietoelaes, geboortepremies, en voorkeur vir die vaders van families in goewermentsbetrekkings of in staatsondersteunde behuisingskemas. In Italië geniet vaders van gesinne voorkeur selfs in partikuliere nywerhede.

Dit staan egter te betwyfel of die boetes en premies hoog genoeg gemaak kan word om die toestand van kinderryke en van klein families, in dieselfde ekonomiese groepe, gelyk te stel, sonder die verskaffing van dienste te benadeel. Dit beteken



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

nie dat dergelike maatreëls nie hoogs wenslik is nie. Dit beteken alleen dat hulle op hulself genome nie voldoende sal wees nie. Maar die pogings wat tot nou toe aangewend is, was hopeloos onvoldoende. Die gemiddelde familietoelae in Frankryk dek slegs 'n kwart van die onkoste vir die versorging van die kind van die arbeider. Die jaarlikse Italiaanse belasting op vrygeselle tussen die ouderdom van 35 en 50 jaar is minder as die koste van 'n hondelisensie.

Van groot belang is ook die pogings wat aangewend word om die verstedeliking van die bevolking te vertraag of te verhoed. Hierdie beleid kan gemotiveerd word, gedeeltelik op grond van die groter vrugbaarheid van die plattelandse bevolking, gedeeltelik op die veronderstelling dat 'n groot plattelandse bevolking sosiaal wenslik is; dat in die woorde van Mussolini, landbou nie slegs 'n middel van bestaan is nie maar 'n lewenswyse. Dit is dus moontlik dat die trek na die stad beide die kwantiteit en die kwaliteit van ons bevolking sal benadeel. Die saak is van so groot belang in Suid-Afrika dat ons dit hier kortliks wil beskou.

Die trek na die stede het in die neëntiende eeu op 'n groot skaal begin. Met Indië as die enigste uitsondering is dit vandag 'n wêreldverskynsel. Dit is veral kenmerkend van die nuwe, en vroeër hoofsaaklik landbouende lande. Hier neem die grootste, en demografies die sterielste stede, 'n buitengewoon groot gedeelte van die bevolking op. Die nege grootste stede van die Unie bevat vandag reeds oor 'n kwart van die totale bevolking en byna die helfte van die blanke bevolking van die land. Die landboubevolking van die Westerse wêreld verminder snel, nie alleen in verhouding met die stedelike nie, maar in absolute getalle. In die Unie behou alleen die Transvaal sy boerebevolking; in al die ander provinsies verminder dit. En selfs in Transvaal word daar baie onvrugbare en ongesonde streke bewerk wat 'n miserabele ontoereikende lewenstandaard as onvermydelike gevolg het. Dit is sosiaal wenslik dat die mense van hierdie land verwyder moet word.

Tensy dat opsetlike maatreëls aangewend word om dit te verhoed, gaan die verskynsel van landelike ontvolking vandag onvermydelik gepaard met ekonomiese ontwikkeling in die Westerse wêreld. Die aanvraag na landbouprodukte is onelasties. Met die ontwikkeling van die tegniek wat die landbouproduk



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

sneller verskaf as die toename in vraag, hoofsaaklik afhanklik van die groei in die bevolking, word produktiewe kragte verplaas van boerdery na nywerheid, handel en die verskaffing van dienste. Hierdie verplasing gaan seker, wat die Westerse wêreld betref, in die toekoms voortgesit word. Die omwenteling in landboutegniek is nog maar in die beginstadium en die vertraging in die toename van bevolking sal nog verder die verbruik van landbouprodukte benadeel.

Die ontvolking van die platteland is nou verwant met 'n ander verskynsel in Suid-Afrika. Veel onsin word geskryf en nog meer gepraat oor die armblankevraagstuk. Wat Suid-Afrika betref, moet dit beskou word as 'n spesifieke geval van die uitwerking van die trek na die stad, gekompliseer deur sekere psigologiese faktore. Met die ontwikkeling van landboutegniek teenoor 'n onelastiese vraag word die ekonomiese grensboer van die land afgedruk. Die ekonomiese grensboer is dikwels, maar geensins altyd, die onbekwaamste boer. Vir 'n ander beroep het hy geen gespesialiseerde kennis nie. In die res van die Westerse wêreld, waar die aanbod van ongeskoolde arbeid in verhouding tot die vraag klein is, word hy geabsorbeer teen betreklik goeie lone. In die Verenigde State word motors vandag grotendeels vervaardig deur jong gewese boere wat met outomatiese masjinerie werk. In Suid-Afrika moet die verplaaste boer egter wedywer met die groot aanbod van ongeskoolde en halfgeskoolde gekleurde arbeiders. Waar in Europa die onderskeid in lone tussen geskoolde en ongeskoolde arbeid ongeveer 12 persent is, is dit in die Unie 'n paar honderd persent. Die lone van die Naturel is so laag dat die Europeaan dit nie kan en nie wil aanvaar nie. Dus moet spesiale onderstand vir hom verskaf word of hy gaan ten gronde. Daar die boerebevolking hoofsaaklik Afrikaanssprekend is, en hulle die ekonomiese grensgebied bewoon, is die armblanke byna altyd 'n Afrikaner.

Daar is twee, in hulle grond verskillende, oplossinge vir die armblankevraagstuk en vir ons bevolkingsprobleem. Die liberale beleid laat nie alleen die verplasing van produktiewe kragte van die land na die stad toe nie, maar moedig dit selfs aan. Die Armblankekommissie het daarop gewys dat die kinders van boere wat na die stad trek 'n deeglike opvoeding geniet en uiteindelik hulself en hulle ouers bevredigend kan onderhou.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Die inkome van die ambagsman is baie hoër as dié van die bywoner. Ambagskole, die verbetering in landboutegniek, en hoë minimum loonwetgewing sal almal die tempo van die trek na die stad verhaas. Daar die kultureel-minderwaardige gedeelte van die bevolking na die slegste betaalde bedrywe afsak, sal landbou uiteindelik byna uitsluitlik deur die Naturel uitgeoefen word, met hier en daar 'n groot, en waarskynlik 'n afwesige, grondbesitter.

Die beleid bied 'n maklike, en uit 'n bloot ekonomiese standpunt beskou, 'n nie onaantreklike, oplossing vir ons probleme nie. Aangesien die reproduksievermoë van geen groot Europese stad egter hoog genoeg is om 'n stabiele bevolking in die toekoms te behou nie, sal so 'n beleid 'n gedurig dalende blanke bevolking ten gevolge hê. Dit sal 'n ekonomiese oplossing bied ten koste van die uitsterwing van ons volk. Dit moet egter dadelik bygevoeg word dat daar vandag geen rede bestaan waarom die stedelike bevolking homself nie kan voortplant nie. Hy geniet 'n beter en 'n meer verskeie dieët, beter mediese behandeling, en woon soms selfs onder beter gesondheidstoestande. Daarby kom die omstandigheid dat, met moderne middele van vervoer, 'n groot gedeelte van die stadsbevolking onder half-landelike toestande kan woon, en dat, met 'n geskikte munisipale beleid, die res deur parke en publieke piekniekplekke baie nader aan die natuur gebring kan word. Maar sulke maatreëls alleen sal 'n bevolking van die kleinfamiliementaliteit nie bevry nie. Dit maak dit egter nie minder, maar meer, wenslik dat hulle met die ander poginge om die bevolking te behou verenig moet word. Die moderne woonstel is net so beslis anti-sosiaal soos die mentaliteit wat dit moontlik maak, en die twee stimuleer weersyds mekaar.

Die vraag is dus in hoever 'n geskikte maatskaplike beleid daarin sal kan slaag om 'n gewenste gedeelte van ons bevolking op die land te behou. Die eenvoudige verbod op verder verhuising sal natuurlik min of meer doeltreffend wees, maar sekerlik nie aanneemlik vir die land nie. Die staking van verdere landbouondersoek en 'n verbod op die verskaffing van krediet aan boere, veral op die afbetalingstelsel, is nog ander min of meer effektiewe, maar ongewenste middele om die doel te bereik. Groot besproeiingskemas is uit hierdie standpunt beskou heeltemal ondoeltreffend. Hulle plaas die onbekwaamste boere terug op die land teen baie hoë koste in 'n hoog gekapitaliseerde



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

vorm van produksie vir die mark, waarvoor hulle heeltemal onbevoeg is. Die enigste gevolg is om ander en beter boere van die land te dwing. En die gevaar is dat by die tyd wat die skemas werklik nodig word, die grond reeds gedeeltelik bederf is deur die ophoping van soute. Hulle enigste regverdiging in ons land is om te dien as 'n assuransiepolis teen 'n eensydige stelsel op goud gebaseer.

Daar bly alleen een manier oor om 'n groot gedeelte van 'n moderne land se bevolking op die land te behou, en dit is om die boerebevolking tot 'n groot mate tot 'n stelsel van klein, en gedeeltelik self-onderhoudende grondbesit, oor te laat gaan. So'n verandering kan egter alleen tot stand kom deur maatreëls wat teenstrydig met die belange van 'n groot en magtige gedeelte van die bevolking is. Ten eerste maak dit 'n verbod op grootskaal-boerdery vir die plaaslike mark in sekere produkte wenslik. Ten tweede vereis dit die verdeling van 'n groot gedeelte van die beste grond van die Unie. Dit sluit al die grond in waar die reënval, klimaat, en gesondheidstoestande gunstig is vir kleinboerdery. So'n beleid sal nooit deur een van die huidige politieke partye of deur 'n demokratiese Staat uitgevoer word nie.

Dit is makliker om propaganda te maak voor of teen klein grondbesit as om 'n onpartydige en goed oorwoë mening oor die voor- en nadele van die stelsel uit te spreek. Dit kan maklik verklaar word. Die nadele bestaan uit konkrete, die voordele meestal uit onstoflike waardes. Die optimum ekonomiese grootte van 'n plaas, d.w.s. die omvang wat die hoogste netto inkomste aan die boer verseker, verskil natuurlik in verskillende takke van die boerderybedryf. Dit blyk uit ondersoek dat die optimumomvang van 'n plaas gewoonlik nie ver afwyk van die gemiddelde grootte van plase in die distrik nie. Met 'n vermindering in die grootte kom daar dus 'n daling in die boer se netto inkomste. Dit word gewoonlik beweer dat in Suid-Afrika, met ons teenwoordige ekstensiewe metodes van boerdery, 'n mielieboer nie 'n deeglike bestaan kan voer in die beste gedeeltes van die Hoëveld op 'n plaas van veel minder as twee honderd morge nie. 'n Kleinbesit van minder as honderd morge vereis gewoonlik soveel werk van die gesin om bloot 'n fisiese bestaan te maak, dat daar geen vrye tyd oor is vir die behoeftes van 'n



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

beskaafde gesinslewe nie. Veranderinge in landboutegniek en organisasie kan natuurlik 'n daling in die grootte nodig vir 'n bestaansminimum tot stande bring.

Die voordele van die kleingrondbesit is moeiliker om in konkrete terme te beskryf. Dit is egter duidelik dat die optimum ekonomiese omvang van 'n plaas nie noodwendig die sosiale optimum is nie. Die waardes van die lewe bestaan nie alleen uit materiële goedere nie, en die boerdery is sekerlik nie 'n blote middel om 'n geldinkomste te verkry nie. Inteendeel, landbou is altyd die bron gewees waaruit die volk sy lewe moes hernuwe. Die sosiale voordele van 'n onafhanklike bestaan en die geestelike genoeë van 'n noue verwantskap en aanraking met die natuur is waardes wat nie in die boer se jaarlikse begroting te voorskyn kom nie. Dit is natuurlik maklik vir die stedeling om, ten bate van die maatskaplike voordele verbonde aan die kleinboerdery en die demografiese nadele van die grootstad, 'n gedeelte van ons boerebevolking die voordele van 'n stedelike lewenstandaard te ontsê. Waar 'n gesonde boerestand egter nog bestaan wat gewillig is om 'n ekonomiese opoffering te maak om op die land te bly, sou dit 'n hoogs onsosiale beleid wees om dit vir hulle onmoontlik te maak om die lewenswyse te verwesenlik.

Daar bly nog 'n tweede rigting waarin 'n oplossing van die demografiese probleem gesoek kan word. Die daling van die vrugbaarheid in die Westerse wêreld is grotendeels die gevolg van 'n gemoedsgesteldheid en 'n lewenswyse. 'n Poging kan dus aangewend word om die gees te verander. In die neëntiende eeu het die Europeaan aan die bande van 'n onbeperkte familie ontkom, en met die laissez-faire-idees van ons tyd is die gevolg dat die omvang van die familie gedaal het benede wat nodig is vir die reproduksie van die volk. Daar is vandag die behoefte aan 'n voortplanting wat met opset die getalle van die bevolking reël tot die wat sosiaal wenslik is. So iets kan alleen moontlik word as elke gesin dit as 'n sosiale plig beskou om te sorg dat sy plek eendag deur kinders ingeneem kan word. Daarvoor is 'n hele omwenteling in ons liberale idees omtrent die ouerlike plig noodsaaklik, maar 'n veranderde lewensbeskouing wat meer in ooreenstemming met die lewenswyse van die toekoms sal wees.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Die probleem is nie heeltemal nuut nie. Die Romeinse Republiek is ook gedurig bedreig met die uitsterwe van die senatoriale en ridderstande, maar nooit van die hele bevolking nie. Die propaganda wat gemaak is teen die daling in die vrugbaarheid was tevergeefs, wat ons nie behoort te verbaas nie. Die Censor Metellus het dit b.v. in 131 v.Chr. nodig geag om 'n beroep op die volk te maak teen die institusie van die selibaat. Sy toespraak lui as volg:

> „Romeine, as ons sonder vroue kon klaarkom, wie sou so'n las op hom neem! Maar waar die natuur dinge so gereël het dat ons nie goed met die vrou kan lewe nie en glad nie sonder haar kan klaarkom nie, laat ons dan liewer die ewigheid van ons volk probeer verseker, as die geluk van ons eie kort lewe."

Metellus was die gelukkige vader van vier seuns, twee dogters, en elf kleinkinders. Hy het gepraat van ondervinding. Maar as sy bedoelings voortreflik was, was sy welsprekendheid nie eintlik geskik om ongetroudes aan te moedig om hulle in die huweliksbande te begewe nie. Augustus se berisping van die vrygeselle wat moedswillig besig was om die ras te vernietig was net so ondoeltreffend. Sy eie familieverhoudinge was nie van 'n aard om geesdrif by ander op te wek nie.

Die toepassing van 'n opsetlike voortplantingsbeleid sal geen maklike taak wees nie. Die gemiddelde getroude familie in die Westerse wêreld moet iets oor die drie kinders bevat om die bevolking stabiel te hou. Daar baie gesinne egter minder of geen kinders het nie, sal 'n gedeelte ten minste vier of meer moet besit. Sulke families, word egter vandag byna as 'n vorm van losbandigheid beskou. Waar nog hoog noodsaaklike poginge in die toekoms aangewend gaan word om ongewenste persone uit die reproduksieproses uit te skakel, gaan die taak vir die res nog gedugter wees. Vir 'n persoon tot so'n groot mate verstedelik, en so geestelik assertief en gedetermineerd om die lewe ten volle te geniet soos die Westerse mens, sal dit 'n geweldige taak wees.

Om doeltreffend te wees, sal propaganda vir die voortplanting van die volk daarin moet slaag om 'n rewolusionêre verandering in die ouers se begrip van nasionale plig tot stand



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

te bring. Tot nog toe het die pogings in Italië slegs daarin geslaag om die daling in vrugbaarheid te vertraag. In Duitsland het die geboortesyfer egter as gevolg so gestyg dat die volk die toestand nader waar hy homself weer sal reproduseer. Die tyd alleen kan bewys of dit 'n permanente verskynsel, of alleen die tydelike gevolg van die ekonomiese herlewing is. Daar die meeste Westerse volke nog 'n fundamenteel-gesonde kyk op die lewe het, mag stelselmatige propaganda vir die voortplanting van die volk 'n sukses wees. In Suid-Afrika, waar die sosiale toestande in baie opsigte minder bevredigend is, sal die pogings drastieser moet wees, en sal die Afrikaner wat gedetermineerd is om die toekoms van sy volk te verseker groter opoffering moet maak. Daar die klein familie, as dit eenmaal 'n vat kry op 'n volk, gou 'n permanente institusie word, is dit noodsaaklik dat die aanwending van die maatreëls nie uitgestel word nie.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

## PUBLIKASIES VAN DIE UNIVERSITEIT VAN PRETORIA.

*Reeks IV : Intreeredes.*

No. 1. KRITZINGER, M. S. B.—
Afrikaanse en Nederlandse Letterkunde as Studievak aan die Universiteit van Pretoria.

No. 2. DUMINY, J. P.—
Die Wiskunde en Filosofie.

No. 3. SKAWRAN, P. P.—
Die Sintetiese Studie van die Persoonlikheid.

No. 4. GEY VAN PITTIUS, E. F. W.—
Vloksregering met Besondere Verwysing na S.A.

No. 5. COERTZE, L. IGN.—
Watter Regsisteem Beheers die Verhouding tussen Owerheid en Onderdaan in die Unie, Romeins-Hollandse Reg of Engelse Reg?



Digitised by the University of Pretoria, Library Services